## BYLAE

1. Die verkryging van, of kontraktering vir goedere, werk of dienste ingevolge—

*(a)* faktuur nommer Y25032020SAT/aankoop bestel nommer 43540;

*(b)* faktuur nommer Y26032020SATb/aankoop bestel nommer 43559; en

*(c)* faktuur nommer Y26032020SATc/aankoop bestel nommer 43583,

deur of namens die Raad en betalings wat ten opsigte daarvan gemaak is op 'n wyse wat—

(i) nie billik, mededingend, deursigtig, gelykmatig of koste-effektief was nie; of

(ii) strydig was met toepaslike—

*(aa)* wetgewing;

*(bb)* handleidings, riglyne, praktyknotas, omsendbriewe, of opdragte deur die Nasionale Tesourie uitgereik;

*(cc)* handleidings, beleid, prosedures, voorskrifte, intruksies of praktyke van of van toepassing op die Raad;

en enige verbandhoudende ongemagtigde, onreëlmatige of vrugtelose en verspulde uitgawes deur die Raad of die Staat aangegaan.

2. Enige onreëlmatige, onwettige of onbehoorlike gedrag, met inbegrip van ernstige wanadministrasie en die oorsake daarvan, deur—

*(a)* beamptes of werknemers van die Raad;

*(b)* die toepaslike verskaffer/diensverskaffer van die Raad; of

*(c)* enige ander persoon of entiteit,

met betrekking tot die bewerings in paragraaf 1 van hierdie Bylae uiteengesit.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za